Nuwe seisoen in die Noord-Kaap vir ons Voorsitterspaar

1 April 2022

Hallo Pieter en Magdaleen

Ons is hartseer maar baie bly dat jul veilig by jul nuwe bestemming aangemeld het.

Jong - waar begin mens, ons weet dit kon nie 'n maklike besluit vir jul as gesin gewees het nie maar dit is wat dit is nê!

So ons sê vir jul baie dankie vir die tyd wat jul saam ons spandeer het, hetsy tydens kampe, geestelike aktiwiteite, bestuursvergaderings en besluite, insette, projekte, samewerking met ons gemeenskapsbetrokkenheid, lekker kosse en sommer alles - want daar is te veel om op te noem. Ons is net dankbaar dat jul nog lede gaan wees en dat ons jul vorentoe sal raakkamp.

Ons vertrou dat die Liewe Heer hierdie pad saam jul sal loop en Hy verder Sy hand oor jul familie sal hou.

Baie voorspoed en groete tot die volgende vergadering, AJV en kamp se weersiens!

Tjaart
Nms SAWA Rietvallei lede.